# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 23 14 Junie 2026

## Predikant



Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp


H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za


## OGGENDDIENS SONDAG 14 JUNIE – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** Joël 2
**Teksverse:** Joël 2:28, 29
**Tema:** Pinkstertyd: Die Heilige Gees kom tot redding van gelowiges en oordeel van ongelowiges! Pinkster is die vervulling van God se belofte deur die profeet Joël. Nadat Jesus Christus deur sy kruisdood en opstanding verlossing vir sy volk bewerk het, het Hy die Heilige Gees uitgestort. Die Gees werk geloof in die harte van sondaars, verenig hulle met Christus en maak hulle sy getuies in die wêreld. Die uitstorting van die Gees bevestig God se genade aan almal wat hulle bekeer en in Christus glo. Terselfdertyd herinner dit ons daaraan dat die dag van die HERE kom wanneer Christus as Regter sal terugkeer. Daarom leef gelowiges met dankbaarheid, geloofsekerheid en gehoorsaamheid, terwyl hulle die evangelie verkondig en uitsien na die dag van Christus se wederkoms.
In die Woordverkondiging let ons op:

1. Die NOOD van die mens
2. Die koms van die VERLOSSER
3. Die koms van die GEES
4. Die koms van die OORDEEL

## BYBELSKOOL SONDAG – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Profete: Jona, Miga, Nahum en Habakuk

Die boek Jona en die profetiese boeke wys hoe God se genade, geregtigheid en getrouheid menslike verwagtings omkeer. Jona vertel van ’n opstandige profeet wat God se roeping ontvlug omdat hy nie sy vyande se redding wil sien nie, maar God gebruik sy ongehoorsaamheid om selfs heidene tot berou te bring. Miga beklemtoon God se oordeel oor onreg, maar ook sy herstel en troue liefde. Nahum verkondig die val van onderdrukkende ryke en wys dat God onskuldige lyding ernstig opneem. Habakuk worstel met die vraag waarom God boosheid toelaat, maar leer uiteindelik dat die regverdige deur geloof sal lewe. Saam wys hierdie boeke dat God regverdig oordeel, genadig herstel en sy volk roep tot nederigheid, vertroue en gehoorsaamheid in ’n gebroke wêreld.

## SONDAG 14 JUNIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Kerkkas en na die aanddiens vir die Teologiese Studentefonds.

Die tweede kollekte 21 Junie is na die oggenddiens vir die Thusofonds en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 19 – Oudl. JP van Wyk
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie
- Geen Katkisasie nie

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 14 TOT 21 JUNIE 2026

**Dinsdag 16 Junie**
Jeugdag
**Woensdag 17 Junie**
09:00 Korrektiewe dienste
**Donderdag 18 Junie**
10:00 Bybelstudie: Koningskinders se ouers
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Thesca v Tonder; Groep B olv sr Nastassja Verster
**Vrydag 19 Junie**
09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Thesca v Tonder; Groep B olv sr Nastassja Verster

## DIENSBEURTE SONDAG 21 JUNIE 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Charlotte van Wyk
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Elsabé Joubert
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 21 – Oudl. Pieter Venter
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Hanri vd Merwe
- Katkisasie Les 15

## VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**
**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**
**19 Junie**
- Br Pieter van Rooy (083 442 3173) Wyk 41

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**
**15 Junie**
- Sr Nesnah Hansen (083 408 5262) Wyk 26

**16 Junie**
- Jsr Sandra Jansen (076 974 5122) Wyk 23
- Jsr Mia Verreynne (082 814 9861) Wyk 6

**17 Junie**
- Sr Sonika Kock (084 590 0617) Wyk 33
- Sr Carli Rossouw (076 143 2201) Wyk 34

**18 Junie**
- Br Hendrik Henning (082 336 1284) Wyk 17

**19 Junie**
- Br Arno Jacobs (072 492 0165) Wyk 6

**20 Junie**
- Br Servaas Nel (082 411 2960) Wyk 17

**Baie geluk aan die volgende egpaar met die herdenking van hul huwelik**
**17 Junie**

- Br Tjaart en sr Heila du Preez (082 939 2086) Wyk 31 met hul 48ste herdenking

**Lief en leed:**

- Ons dink aan br Collin Harris (078 453 5584) Wyk 30 wie se neef oorlede is. Mag die Here hom vertroos in hierdie hartseer en beproewende tyd.
- Ons dink in ons voorbidding aan br Leon de Kok (083 745 5400) Wyk 5 wat 'n groot operasie ondergaan het om 'n gewas te verwyder. Hy sterk tans in die ICU van die Wilgeheuwel hospitaal aan. Mag die HERE se guns hom in sy trou bewaar. Beterskap en spoedige herstel word hom toegebid.

## KENNISGEWINGBORD


**Kollektes: 7 Junie 2026**

R 854.00 Oggend: Barmhartigheid
R 726.00 Oggend: Deure/ EVT
R 32.00 Aand: Barmhartighied
R 40.00 Aand: Deure/ Kerkkas

**SnapScan: 7 Junie 2026**

R 768.08 Oggend: Barmhartigheid
R 507.78 Oggend: Deure/ EVT
R 116.06 Aand: Barmhartighied
R 183.76 Aand: Deure/ Kerkkas

## *Gedagte vir die week*



Ek is u dienaar, Here,
van my geboorte af is ek al u dienaar:
U het my vrygemaak.
Ek wil U loof met 'n dankoffer,
ek wil die Naam van die Here aanroep.

Psalm 116:16 en 17

## *Die boeke van Johannes (3)*

Die Openbaring van Johannes
Ons ken die boek as “Die Openbaring van Johannes”, maar as ons vers 1 lees, sien ons daar staan uitdruklik “Die Openbaring van Jesus Christus” – (’33).

Die eerste lesers van die Evangelie van Johannes was mense wat tot geloof beweeg (moet) word. Johannes 20:31: “Hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God.”

Die eerste lesers van 1 Johannes was mense wat reeds geglo het. 1 Johannes 5:13: “Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.”

Openbaring is geskrywe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië – en hulle is verteenwoordigend van al die gemeentes van Christus oor die hele aarde oor alle tye. Dus ook aan ons. Openbaring 1:4: “Van Johannes. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië.”

Johannes gee in Openbaring nie werklik die doel van sy boek nie, maar eerder wat die karakter daarvan is, watter deurlopende en repeterende temas daarin voorkom. 'n Mens lees maklik bo-oor dié karakterisering. Dit staan – anders as by sy ander geskrifte – aan die begin van die boek: Openbaring 1:9: “Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan [1] die verdrukking en aan [2] die koninkryk en aan [3] die volharding.”
Alles wat die gemeentes deurmaak, maak hy saam met hulle deur. Hy deel daarin “deur ons verbondenheid met Jesus.” En dan noem hy die drie temas wat soos 'n goue draad deur die hele boek loop: [1] verdrukking [2] die koninkryk en [3] volharding.

In Openbaring 2 en 3 lees ons dat hierdie drie sake in ál sewe gemeentes aan die orde kom. Ek sou graag vir u wou aantoon hoe hierdie drie sake in al sewe gemeentes gestalte vind, maar vanweë beperkte ruimte wys ek net op die eerste twee gemeentes: Efese en Smirna.

Efese
Verdrukking: “Ek (Jesus) ken julle onvermoeide arbeid (‘toil’).” (2:2)
Koninkryk: “So sê Hy (Jesus) wat die sewe sterre in sy regterhand vashou.” (2:1) Jesus Self regeer oor sy kerk. Regterhand simboliseer heerskappy.
Volharding: “Ek (Jesus) ken … julle volharding.” (2:2)

Smirna
Verdrukking: "Ek ken julle verdrukking en julle armoede… Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie." (2:9, 10a)
Koninkryk: "So sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het." (2:8) Jesus heers oor die dood.
Volharding: "Bly getrou tot die dood toe." (2:10b) Smirna word aangespoor (om te volhard) om tot die dood toe getrou te wees.

Openbaring 4-22 vertel vir ons wat Johannes sien toe Jesus hom in die hemel opgeneem het (4:1). Hy moet opskryf wat sien wat "wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur" (1:18). Hierdie drie elemente kom regdeur die geskiedenis van die kerk voor. Ek noem slegs een voorbeeld van elke element.

Verdrukking: Johannes sien die gelowiges wat reeds dood is en salig is omdat hulle hulle klere wit gewas het (hulle sondes is vergewe) in die bloed van die Lam (Christus) (7:14). Wie is hulle? "Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom." (7:14) Vanuit die hiernamaals gesien, verkeer die kerk oor alle eeue in 'n "groot verdrukking".

Koninkryk: Wanneer Johannes in die hemel opgeneem is, lees ons dadelik wat hy sien: "Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand." (4:2) En dié "Iemand" is Jesus Christus – "Die Koning van die konings en die Here van die heersers." (19:16) Jesus Christus is die Koning van die Koninkryk van God. (Sien ook 5:10; 12:5;19:15; 20:6; 22:5: "Hulle [die uitverkorenes] sal tot in alle ewigheid regeer".)
Volharding: By die verskyning van "die dier uit die see" (13:10) en by die eindoordeel het die gelowiges volharding nodig. "Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo." (14:12)

Weereens let ons daarop hoe Johannes (geïnspireer deur die Heilige Gees) by die tema hou wat hy aan die begin van Openbaring (1:9) aankondig.
Die kerk oor alle eeue sal gebuk gaan onder verdrukking, want ons is in hierdie wêreld, maar nie van hierdie wêreld nie. Miljoene Christene word elke dag oor die wêreld vervolg.

In hierdie bedeling vóór die wederkoms van Christus moet die kerk (ons as gelowiges) gestalte gee – eintlik deur die werk van die Koning van die kerk: Christus – aan die Koninkryk van God. Ons moet die koningskap van Christus oor ons erken. Ons troos is: God regeer oral en altyd. Niks is ooit onder sy beheer uit nie.

Om die Koninkryk van God in sy volmaaktheid te laat kom, sal die kerk (die gelowiges) moet volhard in hulle geloof. Én ons moet volhard om te bid en nie moedeloos word nie (Luk. 18:1), want God verhoor ons gebede.

Opmerking: Die eerste woord van hierdie geskrif sê vir ons dit is 'n "Openbaring" – letterlik "Apokalips." Maar in 1:3 en 19:10 word dit ook 'n "profesie" genoem. Dit is net om op nog 'n manier te sê: Dit kom van God af. Dit is die Woord van God.

– André Grové

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *Reddersburg Kersfees in Julie*


















# *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**

**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>14 Junie</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir ’n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**<u>21 Junie</u>**

Oggend: Dr De Wet - Doop – Die HERE vergeet nie dié wat Hom aanroep nie! 1 Samuel 1 (T = 1 Sam. 1:19c).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**

Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**

Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 Julie)**

## *Hoe gee ek my kerklike bydraes?*

- Direkte betaling - Direk in die bankrekening van die kerk via internet (EFT) of ’n aftrekorder:
  Bank: FNB tjekrekening; takkode: 250655; rekeningnommer: 62876026511
- Koevert – plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.
  Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam en van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.
- Debietorder – Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Aftrekorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.
- SnapScan en PayPal – bydraes en kollektes kan ook deur middel van SnapScan en PayPal afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.